# JEUGLES: Tempel van die Heilige Gees

**1. Praise en Worship**

**2. YSBREKER**:

Spot the difference pic en slide show.

**3. PROCESS YSBREKER:**

Ons het verlede week gesels oor weer gebore word. En ons weet nou dat nadat ons weergebore is [jou hart/lewe vir Jesus gegee het] dat die Heilige Gees in ons woon. Ons is die tempel van die Heilige Gees. Kan ons nog leef soos ons dan voorheen geleef het? Nee, ons moet anders lyk en lewe ons kan nie die ou sondige dinge aanhou doen nie.

1 Kor 6:19 sê :-
Besef julle nie dat julle liggaam ‘n tempel van die Heilige Gees is nie? Julle het die Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang.

So ons het ‘n baie belangrike persoon wat in ons leef want ons liggaam is Sy “huis” waarin hy woon en orals waar ons gaan gaan Hy saam.

Vanaand wil ek nie praat oor hoe jy na jou liggaam moet kyk nie, ek glo ons het dit al die afgelope paar jare vir julle duidelik gesê dat jy as kind van God wat Sy Gees in jou het nie moet rook, drink,dwelms gebruik, tatoo’s, seksueel verkeer, pornografiese prente of na verkeerde musiek moet luister nie. Julle weet teen die tyd wat reg en verkeerd is. Vanaand wil ek praat oor die volgende vers in 1 Kor 6 :20:-

Julle is gekoop en die prys is betaal. Julle moet God dus in julle liggaam

**<u>VERHEERLIK.</u>**

Soos die prentjies wat ek vir julle gewys het op die slide show kon julle onmiddelik in die EEN sien wat anders lyk as die res. Dus hoe ons in die wêrêld moet wees as tempels van die Heilige Gees. Mense in die wêrêld moet ons dadelik kan uit ken tussen al die ander mense in die wêrêld. In dit wat ons doen en sê moet ons God verheerlik.

**4. GROEPWERK:**

Ons het die kwartaal baie geleer oor die Heilige Gees. Ons weet Jesus het die HG vir ons gestuur om ons nie as weeskinders agter te laat toe Hy hemel toe is nie en dat die HG hier is om ons te leer en te lei om al hoe meer soos Jesus te lyk. Vanaand is dit nou julle beurt om te wys wat julle die kwartaal geleer het.

Vanaand gaan julle geestelike padtekens maak wat nuwe Christene sal help verstaan hoe die HG in hulle werk. Elkeen in groep kan 'n padteken teken en die groep besluit watter een hulle wil gebruik. Elke groep gaan dan vir almal hul teken kom wys en vertel wat die teken beteken.

Byvoorbeeld: Sirkel/vierkant met biddende hande en onder aan skryf jy kortliks Die Heilige Gees help my bid as ek nie weet wat om te sê nie.

Ons kry verskillende padtekens wat jy in gedagte kan hou as jy jou padteken teken soos bv:_
Stop teken - stop mag nie verder gaan nie
Geen toegang teken - mag nie hier ingaan nie
Inligting tekens - bv dus nog 5 km na die lughawe
Waarskuwing/gevaar tekens - wees versigtig die pad maak n skerp draai

**<u>Vir die groep leiers:</u>**

Julle kan die volgende teksverse gebruik vir die padtekens as julle sou vashaak, maar ons sou graag wou sien met watter idees die kinders opkom en hoe hulle geluister het die kwartaal

- Gal 5:22-23 [HG produseer vrugte in ons wat ons sowel as ander in ons kan sien]
- Rom 8:26-27 [Help ons bid as ons nie weet hoe nie]
- Joh 14:26 [ Hy help my meer van God leer]
- Efesiërs 3:16-17 [Hy help ons groei in geloof]
- Joh 16:13 [ HG wys dinge aan ons wat onbekeerde mense nie sal vertaan en weet nie. Selfs toekomstige dinge. Hy lei ons in die waarheid]
- 2 Kor 5:17 [Hy maak ons nuut]
-

**5 Sluit af in groepe en kry selfone.**